Só lyk die groot beton-koepel van die J. C. Strijdom-monument nou. In die voorgrond is die suil met die bedekte perdegroep daarop. Spuitfonteine sal rondom water teen die suil opspuit en die water sal weer langs die kante afloop sodat die suil self feitlik onsigbaar sal wees. In die ronding van die koepel reg agter die suil, kom die kop-beeld van adv. Strijdom. Buite om die monument word inheemse struike en bome geplant, bv. Transvaalse Kiepersol, Witstinkhout, Vaderlandswilg, Van Wykshout, Huilboom, Wilde Vy. Die groot gebou in die agtergrond is dié van Volkskas. Die monument word op 31 Mei onthul.

